

Woensdag 6 Februarie

Skrifgedeelte: Numeri 8

Fokusgedeelte: Numeri 8:5-22

Bewegende bewegoffers

Die Leviete moet gereinig word. God gee vir Moses en Aäron duidelike opdragte hoe hierdie proses moet plaasvind. Daar was 'n verskeidenheid van reinigingswette en prosesse wat gevolg moes word as iemand onrein geword het. Dit is sodat God se heiligheid nie aangetas word nie. Die Leviete was nie onrein op daardie manier nie, hierdie spesiale reiniging en afsondering was deur die Here ingestel sodat die hele volk kan weet dat die Leviete nou vir 'n baie spesiale doel afgesonder is. Hulle moes instaan vir die volk by die Here, hulle moes die ampswerk verrig.

Hulle is die lewende bewegoffer. Hierdie offer is eintlik een van die meer onbekende offers in die Ou Testament. Die priester het tydens die normale offerproses 'n deel van die ram of bul se bors gevat, en dit dan heen en weer deur die lug beweeg, en kon dan daardie deel van die offer vir homself neem. Deur die Leviete te reinig, af te sonder en as bewegoffer voor te stel, sê die Here daarmee dat die Leviete spesiaal is in hulle diens tot Hom, maar ook vir die volk. Hulle beweeg tussen God en die volk, dit is nie iets waarmee hulle net kan stilstaan en vir hulleself hou nie.

Ons is gereinig in Jesus Christus, deur sy volmaakte offer. Ons is afgesonder, ons is nie van hierdie wêreld nie. Ons is egter in die wêreld, hier met 'n doel, en in hierdie doel moet ons onself sien as bewegoffers vir God. Soos die Leviete as bewegoffers ingestel is om die Israeliete te dien, so moet ons ook as bewegoffers in diens van God, God en ons naaste dien. Beweeg met die evangelie, die goeie nuus, wat uit ons harte uitborrel!

Sing: Psalm 99-1:1, 2, 5

Ds. SJL Linde (Pretoria Wonderboom-Suid)